NG MOEDERGEMEENTE
MOSSELBAAI

Adres: Posbus 128, Mosselbaai, 6500. Tel/faks: 044 691 2465. Epos: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

24 November 2019

Geagte lidmaat,

Ons skryf ’n pastorale brief omdat ons vir elke lidmaat omgee. Ons deel immers in die genade van God. In die media, rondom braaivleisvure en in kerklike kringe word geskryf, gepraat, gespot, en gedreig oor die Algemene Sinode se besluite. Ons wil hier duidelik sê waar ons staan, maar ook uitnooi tot gesprek.

Ons sê saam met die Bybel dat seksuele promiskuïteit, losbandigheid, perversiteit, affairs, pedofilie, verkragting en verwronge liefde (heteroseksueel of gay) sonde is. Dit bring hartseer en pyn.
Laat daar geen onduidelikheid wees nie: ons is teen die minagting van die Bybel, valse leer oor God drie-enig, minagting van verlossing deur die genade van Christus alleen, en teen enige vorm van liefdeloosheid.

Ons leraars en die kerkraad is diep oortuig dat *God ons roep om, soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees*. Dit beteken o.a. dat almal by ons welkom is, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie. Gasvryheid is ’n baie hoë waarde vir ons en ons wil alle mense en veral hulle wat verwerp of uitgeskuif word, soos Jesus, genade betoon. Menswaardigheid en gelykwaardigheid van alle mense is belangrik.

Huwelike, gesinne en families in al sy vorms is ‘n sterk fokus van ons roeping. Huweliksverryking, manne- en vroue-groepe en groepe vir enkelouers en ouers met jong kinders, bediening van kinders en jongmense, o.a. deur ’n tentjie-aand, pa-en-seun naweek, kampe ens. en ons senior bediening is deel van ons storie.

Ons as leraars het die kerkraad ook ingelig dat ons nie kans sien om burgerlike verbintenisse van gay pare te voltrek nie.

Ons is lief vir God, glo in die Vader se sorg, Christus se verlossing en Sy voorbeeld van liefde, is afhanklik van die Gees se leiding en het respek vir die Woord. Ons neem Jesus se woord dat liefde vir God en vir ons naaste soos onsself die belangrikste riglyn is, ernstig. Ons sien ons gemeente as ’n ruim huis waar mense kan verskil, maar mekaar vashou en bly liefhê. Christus bid immers dat ons een sal wees en Paulus  bevestig dit op baie plekke.

*“Ek bid dat hulle almal een mag wees,... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”* (Joh. 17:21)

*“En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.”* (Rom 15:5-6)

Groete in Christus,

Leraars en kerkraad
NG Moedergemeente